Vaderland 22.4.54.

## S.W.A.-vrou Deur Baie Bewonder

MEV. R. C. ELS, van Outjo, wat onlangs 'n leeuwyfie ongewapen gepak het om haar man en twee kinders te red, ontvang steeds briewe van oor die hele wêreld, berig SAPA uit Windhoek. Sy is gister uit die hospitaal ontslaan.

Mev. Els, wat die aandag van die leeuwyfie getrek het en toe haar man kans gegee het om die dier te skiet, is aan haar linkerarm, nek en rug verwond.

Een brief het van vier kantoorwerkers in Sussex, Engeland, gekom. Dit was gerig aan „Mev. R. C. Els, Vrou gryp leeuwyfie om gesin te red, die Els-plaas, 150 van Autjo af, Suidwes-Afrika."

S.W. Afrikaner 13.4

# VROU SLEEP LEEU MET KAAL HAND VAN HAAR MAN AF

'N VROU wat 'n gewonde leeu met haar kaal hande van haar man afgesleep het sodat hy 'n kans kon kry om te skiet, lê op die oomblik met 'n paar lelike wonde in die hospitaal op Outjo. Hierdie dapper vrou is mev. R. C. Els, wat saam met haar man en twee seuns van sewe en nege jaar oud op 'n Administrasieplaas, 150 myl van Outjo af woon.

In daardie omgewing is heelwat leeus en 'n tyd gelede het hulle ook skade onder mnr. Els se vee aangerig. Hy het hom gereed gemaak vir die volgende aanslag en toe hy baie vroeg Maandagoggend onraad bemerk, het hy met sy geweer en 'n koplamp kraal toe gegaan. Daar het hy vier leeus sien lê en vreet en hy het onder hulle losgebrand.

Toe hy en sy gesin teen ligdag ondersoek gaan instel, het hulle twee leeus dood kry lê. Terwyl hulle nog die toneel staan en betrag, het 'n leeu skielik agter hulle gebrul, en voordat hulle iets kon doen, het die leeu gestorm. Mnr. Els het 'n skoot afgetrek, maar dit het geen uitwerking gehad nie en die leeu het hom met geweer en al onderstebo gespring.

**Mev. Els, wat besig was om met haar kinders huis toe te vlug, het omgespring en die leeu met die plathand bygedam om sy aandag van haar man af te trek. Toe die leeu hom nie daaraan steur nie, het sy hom aan die kop beetgepak en hom met geweld van haar man afgesleep. In die proses het die leeu haar 'n lelike bytwond aan die bo-arm toegedien, terwyl sy ook wonde aan haar nek en agter haar rug opgedoen het.**

Haar man het opgespring, sy geweer teen die leeu se kop vasgedruk en hom 'n doodskoot gegee. Die leeu en mev. Els het half opmekaar geval en mnr. Els moet haar tussen die leeu se pote uithaal.

Burger

Burger 14.4.

# Boervrou Pak Kwaai Leeu met Kaal Hande

(Eie Berig)

OUTJO.

'N VROU wat 'n leeuwyfie met kaal hande gepak het om haar man se lewe te red, lê op die oomblik hier in die hospitaal. Sy is mev. R. C. Els, en haar moed het gemaak dat haar man, en moontlik sy en die kinders, 'n afgryslike dood gespaar gebly het.

**Mev. Els het die leeu nie alleen van haar man afgeruk nie, maar met die roofdier geworstel totdat mnr. Els 'n doodskoot kon inkry.**

Die egpaar boer op 'n administrasieplaas sowat 150 myl van Outjo, waar leeus nog sommer volop is.

Maandagoggend drie-uur het die honde by die kraal geblaf en mnr. Els is met 'n geweer kraal toe. Die kraal is sowat 25 tree van die huis af en mnr. Els kon vier leeus sien lê en vreet. Hy het twee doodgeskiet en een gekwes.

Die volgende oggend het mnr. Els, sy vrou en twee seuns van sewe en nege jaar na die kraal gestap om te gaan kyk watter skade aangerig was. Terwyl hulle na die dooie leeus staan en kyk, het 'n leeu kort agter hulle gebrul. Toe hulle omkyk, was die leeu vyftien tree van hulle.

### GEKLAP

Mnr. Els het geskreeu dat sy vrou en kinders huis toe moet hardloop, maar die een seuntjie het agtergebly en mev. Els het teruggekom om hom te gaan haal. Die leeu het by die seuntjie verby gestorm en mnr. Els met geweer en al platgespring.

Hy het 'n skoot afgetrek, maar dit was net 'n velwond.

Mev. Els het omgespring en die leeu met die plat hand geklap om sy aandag van haar man af te trek. Toe dit nie help nie, het sy die leeu aan die kop beetgepak en van mnr. Els afgetrek.

Toe hy opkom, het die leeu en mev. Els regop staan en worstel. Nog voordat die leeu haar kon platgooi, het mnr. Els die loop vas teen die leeu se kop gedruk en die doodskoot afgetrek.

### KALM GEBLY

Mev. Els het 'n lelike bytwond aan haar linkerarm en wonde aan die nek en die rug. Mnr. Els het 'n wond aan die linkerarm en een aan sy linkerbeen.

Hy sê die wonderlikste is vir hom hoe kalm sy vrou gebly het. Dit is sy wat by die huis ontsmettingsmiddels gebring het sodat hulle die wonde kon reinig voordat 'n buurman hulle die 150 myl na die hospitaal gebring het.

Mev. Els vorder bevredigend. Mnr. Els word oo[k] nog op die dorp behandel.

Mnr. Els het wonde aan sy arm en aan sy been opgedoen.

Ná hierdie ondervinding moes mnr. en mev. Els die 150 myl na Outjo aflê vir behandeling. 'n Buurman het hulle tot op Kamanjab geneem, waarvandaan hulle 'n geneesheer gebel het. Hy het hulle tegemoet gery en langs die pad eers inspuitings toegedien voordat hulle verder is.

**Mev. Els maak goeie vordering** in die hospitaal. Mnr. Els word ook op Outjo behandel. Hy praat veral van die kalme optrede van sy vrou wat ná die ondervinding met die leeu nog ontsmettingsmiddels gereed gemaak het om hul wonde te behandel.

Vanoggend het ons uit Outjo verneem dat dit heeltemal goed gaan met mev. Els, hoewel die gevaar van ontsteking in die wonde wat die leeu haar toegedien het nog nie heeltemal verby is nie. Indien daar nie komplikasies intree nie, sal sy oor 'n week huis toe kan gaan.

Mnr. El sis reeds terug na die plaas.